

VERSKERPTE INVORDERING BY NGWATHE

Die Ngwathe Munisipaliteit onderneem tans 'n verskerpte proses om uitstaande skulde in te vorder. Volgens Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe, word die munisipaliteit huidige meer as ooit daartoe gedwing om wanbetalers aan te spreek omdat hy tans verplig is om sy gehele maandelikse Eskomrekening elke maand stiptelik ten volle te betaal. Gebeur dit nie, sal Eskom eenvoudig die kragtoevoer aan die munisipaliteit staak of sodanig beperk dat dit nie alleen onvolhoubaar sal wees om 'n besigheid in enige van sy dorpe te bedryf nie, maar ook 'n groot impak sal hê op die voorsiening van water en rioleringsdienste aan inwoners.

Daar is tans invorderingsprogramme in proses in al die Ngwathe dorpe waarin rekeninge wat langer as 90 dae uitstaande is geteiken word, beide in die sakesektore en die woongebiede. Indien betalingsreëlings nie getref word wanneer 'n verbruiker van dreigende optrede om kragtoevoer te sny in kennis gestel word nie,

word kragtoevoer wel gestaak. Volgens raadslid van der Merwe is daar probleme aan beide kante van die spektrum in die verband – vanuit die munisipale oogpunt is dit tans weens sekuriteitsmaatreëls soos omheinings en elektriese hekke moeilik om sulke kennisgewings aan verbruikers oorhandig te kry, terwyl verbruikers weer baie probleme ervaar met foutiewe rekeninge wat in gevalle dan ook juis weer daaraan te wyte is dat meterlesers nie altyd toegang tot meters kan bekom om lesings te neem nie. Skattings, meermale egter onakkuraat, word dan gebruik om rekeninge saam te stel.

Ten aansien van foutiewe rekeninge bestaan daar wel 'n remedie – dit behels die verklaring van 'n formele dispuut met die munisipaliteit oor die items op jou rekening waarmee jy nie ooreenstem nie.

Daar is 'n formele dokument beskikbaar vir die doel by munisipale kantore waarin die proses uiteengesit word en ruimte voorkom waarin die basis van die dispuut ingevul kan word.

Raadslid van der Merwe waarsku egter dat verbruikers baie keer geneig is om op te hou om hul totale rekening te betaal wanneer hulle bv. nie saamstem met die heffings vir water op 'n rekening nie.

Dit is fataal – die gedeeltes van die rekening wat nie in geskil geplaas word nie moet deurentyd voluit betaal word om te verhoed dat kredietbeheerstappe gedoen word.

Ingevolge die reëls van die dispuutproses moet die munisipaliteit die dispuut binne 30 werksdae hanteer en tot 'n bevinding kom wat dan ook aan die verbruiker gekommunikeer moet word. Sou die verbruiker nie die bevinding aanvaar nie, is daar ook 'n appèlproses wat dan binne 30 dae na die aanvanklike bevinding geïnisieer moet word.

'n Formele appèlvorm is ook vir die doel beskikbaar. Die Munisipale Stelselwet bepaal uitdruklik dat 'n munisipaliteit nie invorderingstappe mag doen ten aansien van 'n item op 'n rekening wat in dispuut is nie, maar dit moet duidelik verstaan word dat

die sulke stappe wel geneem kan word om betaling af te dwing van die res van die rekening wat nie deel vorm van die dispuut nie.

Raadslid van der Merwe sê voorts dat verbruikers wat items op hul rekeninge betwis nie moet wag totdat die munisipaliteit dreig om dienste te staak voordat hulle aksie neem nie. “Verklaar jou dispuut sodra jy 'n rekening ontvang wat heffings bevat waarmee jy nie saamstem nie. Voltooi ook die vorm in duplikaat en laat jou afskrif by indiening stempel met 'n datumstempel as bewys van ontvangs en onthou jy kan nie 'n dispuut teen 'n totale rekening in algemene terme verklaar nie”, voeg hy by.

Nog 'n probleem wat gereeld voorkom is dat verbruikers nie rekeninge ontvang nie en dan glo hulle hoef eenvoudig niks te betaal nie. “Dit is nie so nie – jy behoort 'n rekening aan te vra as jy nie een kry nie.

Rekeninge kan by die munisipale kantore of per epos aangevra word by billing@ngwathe.co.za” sê raadslid van der Merwe verder.

BRITZ BOETIES GOOI VÊR

• *Martie Britz*

Handré (Bees) en Tiaan Britz het die 20ste Maart in Sasolburg by DP de Villiers stadion deelgeneem aan rondte vyf van die AVT byeenkoms en het die volgende afstande behaal: Handré - spiesgooi 30,61m (6de), gewigstoot 11,85m (7de) en diskus 41,90m (5de).

Tiaan - spiesgooi 43,52m (4de), gewigstoot 12,52m (6de) en diskus met 'n afstand en 'n persoonlike beste van 46,44m (4de).

Alle sterkte vir die laaste kampioenskap die komende naweek die 27ste Maart in Sasolburg.

Gaan maak ons trots en dankie vir almal wat betrokke is en in ons skool wat aan ons glo. Geniet die dag, res sal vanself kom. Baie dankie vir ons Here vir die talente

en gesondheid.

Handré (Bees) is o/15 en Tiaan is o/14, maar albei neem deel aan die o/16 ouderdomsgroep.



BLOEDSKENKERS IN HEILBRON



SANBS het die gemeenskap uitgenooi om bloed te skenk, Dinsdag 23 Maart by die NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 – 18:00. Met die doel om 80 eenhede bloed in te samel wat honderde lewens kan red, het hulle dit oorskry en 81 eenhede ingesamel. SANBS wil graag alle gereelde bloedskenkers bedank en aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk. Skenk bloed. Jou bloed red lewens. Op die foto: Johan Lubbe